



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**REKENINGKUNDE**

**FEBRUARIE/MAART 2014**

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n 18 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf om AL die vrae in te beantwoord.
3. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Bereken tot EEN desimale syfer.

7. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

<b>VRAAG 1: 30 punte: 18 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Leeruitkomstegedek:</b>
Begrippe, voorraadwaardasie en BTW	LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b>
	AS1 Begrippe
	AS7 Pas BTW-beginsels toe
	LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>
	AS4 Waardeer en bereken voorrade – EIEU en geweege gemiddeld
	AS6 Pas interne beheer toe

<b>VRAAG 2: 35 punte; 21 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Leeruitkomstegedek:</b>
Bankversoening, interne beheer en Debiteure-ouderdomsontleding	LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b>
	AS4 Versoening en vertolking
	LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>
	AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

<b>VRAAG 3: 75 punte; 45 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Leeruitkomstegedek:</b>
Inkomstestaat en notas tot die Balansstaat	LU2 <b>Bestuursrekeningkunde</b>
	AS5 Finansiële state
	AS5 Notas tot finansiële state
	LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>
	AS3 Bateverkope

<b>VRAAG 4: 70 punte; 42 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Leeruitkomstegedek:</b>
Kontantvloeistaat, vertolking en auditverslag	LU1 <b>Finansiële rekeningkunde</b>
	AS1 Begrippe
	AS5 Finansiële state

<b>VRAAG 5: 50 punte; 30 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Leeruitkomstegedek:</b>
Vervaardiging	LU2 <b>Bestuursrekeningkunde</b>
	AS1 Begrippe
	AS2 Produksiekostestaat
	Einheidskoste en gelykbreekpunt
	LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>
	AS6 Pas interne beheer en auditprosesse toe

<b>VRAAG 6: 40 punte; 24 minute</b>	
<b>Onderwerp van die vraag:</b>	<b>Leeruitkomstegedek:</b>
Kontantbegroting, Geprojekteerde Inkomstestaat en interne beheer	LU2 <b>Finansiële rekeningkunde</b>
	AS3 Ontleed en vertolk 'n Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat
	LU3 <b>Bestuur van hulpbronne</b>
	AS6 Pas interne beheer toe

**VRAAG 1: BEGRIPPE, VOORRAADWAARDASIE EN BTW****(30 punte; 18 minute)****1.1 BEGRIPPE**

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

deurlopende voorraadstelsel; periodieke voorraadstelsel; BTW uitgesluit; nulkoers-BTW ; BTW-handelaar; eerste in eerste uit

- 1.1.1 Koste van verkope word by die verkooppunt bepaal. (2)
- 1.1.2 BTW kan volgens staatswetgewing nie op 'n item gehef word nie, byvoorbeeld rente is nie onderhewig aan BTW nie. (2)
- 1.1.3 BTW word nie op hierdie produkte gehef nie, maar kan deur die Minister van Finansies ingestel word, indien nodig, byvoorbeeld bruinbrood, vrugte en groente. (2)

**1.2 VOORRAADWAARDASIE**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot All-Bright Handelaars. Die onderneming se eienaar is Jakob Mthemba. Hy verkoop slegs een handelsmerk waspoeier in bokse. Die finansiële jaar eindig op 31 Mei 2013. Die geweegegemiddelde-metode word gebruik om voorraad te waardeer.

**GEVRA**

- 1.2.1 Bereken die volgende op 31 Mei 2013:
- Geweegegemiddelde-waarde per boks (5)
  - Waarde van die eindvoorraad (3)
  - Getal vermiste bokse waspoeier (4)
- 1.2.2 Jakob het vasgestel dat die vermiste items gesteel is deur die klerk wat die bestellings plaas en goedere van die verskaffers in ontvangs neem. Jakob het die werknemer ontslaan.
- Die verdeling van pligte speel 'n belangrike rol om hierdie probleem te voorkom. Verduidelik hoe Jakob dit met betrekking tot voorraad in die onderneming moet implementeer. (2)
  - Noem EEN ander strategie wat hy kan gebruik en verduidelik hoe hy hierdie strategie moet implementeer. (2)

**INLIGTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MEI 2013:**

	<b>GETAL EENHEDE</b>	<b>WAARDE PER EENHEID</b>	<b>VRAGGELD OP AANKOPE</b>	<b>TOTALE WAARDE</b>
Voorraad voorhande op 1 Junie 2012	3 800			R107 500
Aankope:	19 250			R768 400
14 Augustus 2012	5 750	R35	R3 750	R205 000
10 Desember 2012	7 500	R42	R4 400	R319 400
22 Maart 2013	6 000	R40	R4 000	R244 000
Verkope	18 800	R60		R1 128 000
Voorraad voorhande op 31 Mei 2013	3 350			?

**1.3 BTW**

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van Manhattan Handelaars geneem. Alle goedere wat aangekoop en verkoop word, is onderhewig aan die standaard-BTW-koers (14%). Manhattan Handelaars is op faktuurbasis vir BTW geregistreer.

**GEVRA**

1.3.1 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

As BTW-inset meer as BTW-uitset is, sal SAID vir BTW in die finansiële state as 'n Handels- en Ander (Betaalbare/Ontvangbare) bedrag getoon word. (2)

1.3.2 Die kredietverkope vir Oktober 2013 bedra R120 000 (BTW uitgesluit). Bereken die bedrag BTW op die kredietverkope. (2)

1.3.3 Die totaal van die debietnotas wat aan verskaffers uitgereik is vir goedere wat aan krediteure teruggestuur is, toon BTW van R1 120. Bepaal die bedrag, BTW uitgesluit, wat na die Handelsvoorraad-rekening geboekstaaf moet word. (2)

1.3.4 Bereken die BTW wat betaal is as die totale kontantaankope vir Oktober 2013, R159 600 (BTW ingesluit) was. (2)

**VRAAG 2: BANKVERSOENINGSTAAT, INTERNE BEHEER EN DEBITEURE-  
OUDERDOMSONTLEDING****(35 punte; 21 minute)****2.1 BANKVERSOENINGSTAAT EN INTERNE BEHEER**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Remington Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2013. Alle gelde ontvang word deur Angel Workright gedeponeer. Angel is die afgelope vier jaar vir daaglikse deposito's verantwoordelik.

**GEVRA**

- 2.1.1 Identifiseer die items en die bedrae wat in die Kontantontvangstejoernaal (KOJ) en die Kontantbetalingsjoernaal (KBJ) vir Augustus 2013 geboekstaaf moet word. Gee slegs die itemnommer en die bedrag. Moet NIE totale vir elke joernaal gee NIE. (10)
- 2.1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2013 op. (13)
- 2.1.3 Dit is duidelik dat die onderneming nie sy kontant behoorlik beheer nie. Watter spesifieke probleme sal die interne ouditeur in sy verslag vermeld? Verduidelik TWEE van hierdie probleme, met syfers om jou verduideliking te ondersteun, en gee 'n moontlike oplossing vir elk. Die ontslaan van werknemers is tans nie 'n opsie nie. (6)

**INLIGTING**

1. Die volgende items verskyn in die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2013, die einde van die vorige maand:

Gunstige saldo volgens Bankstaat	74 000
Uitstaande deposito's:	
• Gedateer 16 Julie 2013	21 500
• Gedateer 27 Julie 2013	34 800
Uitstaande tjeks:	
• 1034 (gedateer 17 Februarie 2013)	2 000
• 2372 (gedateer 31 Julie 2013)	56 000
• 2395 (gedateer 14 Augustus 2013)	15 000
Gunstige saldo volgens bankrekening	57 300

2. Toe die Augustus 2013-bankstaat, wat van Star Bank ontvang is, met die relevante rekeningkundige rekords van die onderneming vergelyk is, is die volgende opgemerk:

Item 1	Die uitstaande deposito van R34 800 (gedateer 27 Julie 2013) verskyn op die Bankstaat vir Augustus 2013.
Item 2	Angel Workright het die onderneming in kennis gestel dat sy op pad na die bank van 'n deposito van R21 500 (gedateer 16 Julie 2013) beroof is. Die saak is by die plaaslike polisie aangemeld. Die fondse is nie teruggevind nie.
Item 3	Van die uitstaande tjeks op die Julie-bankversoeningstaat, verskyn slegs tjeknr. 2372 op die Bankstaat vir Augustus 2013. Tjeknr. 1034 is as 'n donasie uitgereik.
Item 4	Bankkoste van R620 verskyn op die Bankstaat vir Augustus 2013, maar nie in die joernale nie.
Item 5	Die Bankstaat vir Augustus 2013 toon 'n geweierde tjek van R8 000. Die tjek is oorspronklik ontvang van F Frost, 'n debiteur, ter vereffening van sy rekening van R8 150.
Item 6	Rente van R540 is op die Bankstaat vir Augustus 2013 gekrediteer. Dis nie in die relevante joernaal aangeteken nie.
Item 7	Kommissie-inkomste van R14 000 is direk deur Cute Cellulites in Remington Handelaars se lopende bankrekening gedeponeer. Dit verskyn op die Bankstaat vir Augustus 2013, maar nie in die joernale nie.
Item 8	Tjeknr. 2412 is ten gunste van Redbro Verskaffers, 'n krediteur, uitgereik in Augustus 2013. Dit verskyn korrek op die Bankstaat vir Augustus 2013 as R16 200. Dit is verkeerdelik as R12 600 in die joernaal geboekstaaf.
Item 9	'n Diverse debietinskrywing van R300 verskyn op die Bankstaat op 21 Augustus 2013. Navraag is by die bank oor die item gedoen. Die bank het Remington Handelaars in kennis gestel dat dit 'n fout is en dat hulle dit op die September 2013-bankstaat sal regstel.
Item 10	Die volgende tjeks verskyn in die Augustus 2013-KBJ, maar nie op die Augustus 2013-bankstaat nie: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Tjeknr. 2418 (gedateer 25 Augustus 2013), R8 450</li> <li>• Tjeknr. 2420 (gedateer 28 Oktober 2013), R12 000</li> </ul>
Item 11	Twee deposito's verskyn slegs in die Kontantontvangstejoernaal en nie op die Bankstaat nie: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Deposito van R15 600, gedateer 26 Augustus 2013</li> <li>• 'n Deposito van R18 000, gedateer 28 Augustus 2013</li> </ul>
Item 12	Die Bankstaat het op 31 Augustus 2013 met 'n gunstige saldo van R42 000 afgesluit.

**2.2 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING**

Anna Modeboetiek verkoop 80% van hulle damesmodeklere op krediet. Hulle kredietterm is streng 30 dae. Die onderneming betaal kontant vir hulle voorraad. Bestudeer die inligting hieronder gegee en beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING**

Die ouderdomsontleding van debiteure wat aan die einde van Januarie 2014 onttrek is, toon die volgende:

<b>Meer as 60 dae</b>	<b>60 dae</b>	<b>30 dae</b>	<b>Huidige maand</b>
R28 200	R42 300	R14 100	R9 400
30%	45%	15%	10%

**GEVRA**

2.2.1 Die onderneming beheer nie sy debiteure doeltreffend nie. Gee EEN rede waarom jy met hierdie stelling sal saamstem. Verwys in jou antwoord na syfers. (2)

2.2.2 Anna is van mening dat haar debiteureklerk nie klante behoorlik keur (nagaan) voordat hulle op krediet by haar winkel begin koop nie.

Noem TWEE strategieë wat die debiteureklerk moet volg voordat klante toegelaat word om rekeninge te open. (4)



**HOU HIERDIE  
BLADSY BLANKO**

**VRAAG 3: INKOMSTESTAAT EN NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**  
(75 punte; 45 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Pearl Beperk vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2013. Pearl Beperk koop en verkoop ornamente en blompotte.

**GEVRA**

- 3.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Desember 2013. (46)
- 3.2 Voltooi die Vaste Bates-nota (slegs Voertuie) tot die Balansstaat op 31 Desember 2013. (5)
- 3.3 Stel die nota vir Handels- en ander betaalbare bedrae op 31 Desember 2013 op. (24)

**INLIGTING**

**UITTREKSEL UIT DIE PROEFBALANS OP 31 DESEMBER 2013**

<b>Balansstaatrekening-afdeling</b>	<b>R</b>
Gewone aandelekapitaal (R2,00 pariwaarde)	3 000 000
Behoue inkomste (1 Januarie 2013)	314 000
Lening: Helpu Bank	270 400
Voertuig	407 000
Toerusting	616 000
Opgehoopte waardevermindering: Voertuig	147 400
Opgehoopte waardevermindering: Toerusting	341 000
Debiteurekontrole	63 190
Krediteurekontrole	43 400
Voorsiening vir oninbare skuld	3 450
Handelsvoorraad	138 000
SAID: Inkomstebelasting (Dt)	224 000
SAID: LBS	14 100
Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)	1 300
Pensioenfonds	14 500
<b>Nominalerekening-afdeling</b>	
Verkope	4 220 700
Koste van verkope	1 100 720
Wins met verkoop van bate	12 500
Diverse uitgawes	?
Bankkoste	6 000
Ouditfooie	45 000
Direkteursvergoeding	432 000
Salarisse en lone	940 000
Werkgewersbydrae (vir WVF en pensioenfonds)	103 400
Huuruitgawe	63 360
Rente op lopende rekening	680
Oninbare skuld	2 790
Waardevermindering (op voertuig verkoop)	13 750
Gewone aandeledividende (tussentyds)	96 000

**AANSUIWERINGS EN ADDISSIONELE INLIGTING**

- Op 28 Desember 2013 het L Payne, 'n debiteur, beskadigde ornamente teruggestuur. Die verkoopprijs was R850 en die winsopslag was 25% op kosprys. Die goedere is dadelik aan die verskaffer teruggestuur, wat 'n kredietnota uitgereik het. Geen inskrywings is in die boeke gedoen nie.
- Die insolvente boedel van L Nkosi het 40 sent in die rand uitbetaal en R360 is op 5 Desember 2013 direk in die bankrekening van Pearl Bpk. oorgeplaas. Dit is geboekstaaf. Die res van sy uitstaande saldo moet afgeskryf word en die voorsiening vir oninbare skuld moet tot R3 090 aangesuiwer word.
- Handelsvoorraad bestaan uit ornamente en blompotte. Op 31 Desember 2013 het 'n fisiese opname die voorraad ornamente voorhande op R82 000 gewaardeer.

Die fisiese opname het 90 blompotte voorhande getoon. Blompotte word volgens die EIEU-metode gewaardeer. Jy word van die volgende inligting voorsien:

	<b>Totale blompotte</b>	<b>Kosprys per blompot</b>
Beginvoorraad	40 blompotte	R545
Aankope:		
31 Mei 2013	160 blompotte	R550
30 November 2013	72 blompotte	R525
Eindvoorraad	90 blompotte	

- Die maatskappy het hulle TWEE direkteure tot 30 Junie 2013 betaal. Al twee verdien dieselfde vergoeding. 'n DERDE direkteur is op 1 Oktober 2013 teen dieselfde maandelikse tarief as die ander twee direkteure aangestel. Sy direkteursvergoeding is nog nie betaal nie. Maak voorsiening vir die totale uitstaande direkteursvergoeding.
- 'n Werknemer is uit die Salarisjoernaal van Desember 2013 gelaat. Die inligting op sy salarisstrokie is soos volg:

<b>Bruto salaris</b>	<b>Aftrekkings</b>			<b>Bydrae</b>		<b>Netto salaris</b>
	<b>LBS</b>	<b>WVF</b>	<b>Pensioen-fonds</b>	<b>WVF</b>	<b>Pensioen-fonds</b>	
?	1 600	90	630	90	?	R6 680

Die werknemers dra 7% van hulle bruto salaris tot die pensioenfonds by en die werkgewer 10%. Die WVF-afrekkings is 1% van hulle bruto salaris.

- Rente op 'n lening is gekapitaliseer, maar is nog nie geboekstaaf nie. Die leningstaat van Helpu Bank op 31 Desember 2013 toon die volgende:

<b>HELPU BANK: Leningstaat op 31 Desember 2013</b>	
Saldo op 1 Januarie 2013	R320 800
Rente gehef	?
Terugbetalings aan Helpu Bank gedurende die jaar	R50 400
Saldo op 31 Desember 2013	R310 000

7. Huuruitgawe is op 1 Desember 2013 met 10% verhoog. Die huur vir Januarie 2014 is reeds betaal.
8. Op 31 Oktober 2013 is 'n ou voertuig vir R48 250 kontant verkoop. Alle besonderhede met betrekking tot die verkoop van die bate is behoorlik geboekstaaf. Die besonderhede in die vastebateregister is soos volg:
- Kosprys, R82 500
  - Opgehoopte waardevermindering op datum van verkope, R46 750
- Maak soos volg voorsiening vir waardevermindering:
- Op toerusting, teen 10% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode. Neem in ag dat nuwe toerusting op 1 September 2013 vir R90 000 gekoop is. Die transaksie is behoorlik geboekstaaf.
  - Die waardevermindering op die oorblywende voertuig beloop R81 400 op 31 Desember 2013.
9. 300 000 nuwe aandele is op 1 Desember 2013 uitgereik en geboekstaaf. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir dividende in 2013 nie. Finale dividende van 7c per aandeel is aan die einde van die jaar deur die direkteure verklaar.
10. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R240 000. Dit is 30% van die netto wins voor belasting.
11. Neem kennis dat die diverse-uitgawe-bedrag die ontbrekende syfer in die Inkomstestaaf is.

**HOU HIERDIE  
BLADSY BLANKO**

**VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT, VERTOLKING EN OUDITVERSLAG**  
(70 punte; 42 minute)

- 4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.1.1 Die direkteur is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële state van 'n maatskappy. (2)
- 4.1.2 Waardevermindering word teruggetel in die Kontantvloeistaat, aangesien dit as 'n 'niekontant'-uitgawe beskou word. (2)
- 4.1.3 Die krediteur-betalingsperiode is 'n voorbeeld van 'n finansiële aanwyser wat likiditeit beïnvloed. (2)
- 4.1.4 Die eksterne ouditeur stel toepaslike kontrolemaatreëls vir rekeningkundige prosedures op en sien toe dat dit gevolg word. (2)
- 4.2 Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Bongi Beperk, 'n publieke maatskappy.
- GEVRA**
- 4.2.1 Voltooi die nota om die kontant wat uit bedrywighede voortgebring is, aan te toon. (8)
- 4.2.2 Bereken die volgende bedrae wat in die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2013 sal verskyn:
- Belasting betaal (4)
  - Dividende betaal (4)
  - Vaste bates aangekoop (5)
- 4.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 30 Junie 2013:
- Solvabiliteitsverhouding (5)
  - Vuurproefverhouding (4)
  - Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA; gebruik netto wins voor belasting in jou berekening.) (5)
- 4.2.4 Die hoofbestuurder (HUB), Gus Logie, besit tans 45% van die uitgereikte aandele. Die direksie het besluit om in Julie 2013 al die onuitgereikte aandele uit te reik.
- Bereken die minimum getal aandele wat Gus in Julie 2013 moet koop om beheer oor die maatskappy te verkry. (4)
  - Gus wil die addisionele aandele teen R8,00 koop sonder om die aandele aan die publiek te adverteer. Gee TWEE redes waarom jy nie met hierdie reëling saamstem nie. (4)
- 4.2.5 Een van die direkteure meen dat die maatskappy in die nuwe finansiële jaar ook van lenings gebruik moet maak. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan en verduidelik elke aanwyser om haar mening te staaf. (4)
- 4.2.6 Die direkteur reken dat die likiditeit versleg het. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan om hierdie mening te staaf. (6)

**INLIGTING**1. **Inligting geneem uit die Inkomstestaat op 30 Junie 2013:**

Waardevermindering	200 000
Rente op lening	36 000
Netto wins voor belasting	980 000
Inkomstebelasting	294 000

2. **Inligting uit die Balansstaat op 30 Junie 2013:**

	Notas	2013	2012
Vaste bates (teen drawaarde)		3 350 000	2 000 000
Bedryfsbates		458 400	588 000
Vorrade		316 900	239 100
Handels- en ander ontvangbare bedrae	1	137 500	194 900
Kontant en kontantekwivalente		4 000	154 000
		<b>3 808 400</b>	<b>2 588 000</b>
Aandeelhoudersbelang		2 904 000	1 630 000
Gewone aandelekapitaal		1 200 000	1 000 000
Aandelepremie		850 000	250 000
Behoue inkomste		854 000	380 000
Lening: Star Bank (9% p.j.)		400 000	560 000
Bedryfslaste		504 400	398 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	2	390 400	398 000
Oortrokke bankrekening		114 000	-
		<b>3 808 400</b>	<b>2 588 000</b>

**Nota 1: Handels- en ander ontvangbare bedrae**

	2013	2012
Handelsdebiteure	137 000	186 000
Opgelope inkomste	500	-
SAID: Inkomstebelasting	-	8 900
	<b>137 500</b>	<b>194 900</b>

**Nota 2: Handels- en ander betaalbare bedrae**

	2013	2012
Handelskrediteure	246 000	325 000
Uitgawes betaalbaar	-	3 000
SAID: Inkomstebelasting	12 400	-
Aandeelhouders vir dividende	132 000	70 000
	<b>390 400</b>	<b>398 000</b>

### 3. Addisionele inligting

- Die maatskappy is as 'n publieke maatskappy geregistreer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 450 000 gewone aandele teen 'n pariwaarde van R5,00 elk.
- Nuwe aandele is op 1 Februarie 2013 uitgereik.
- Dividende was soos volg:

Finale dividend op 30 Junie 2012	35 sent per aandeel
Tussentydse dividend op 31 Desember 2012	40 sent per aandeel
Finale dividend op 30 Junie 2013	55 sent per aandeel

- Vaste bates is vir kontant verkoop teen 'n drawaarde van R165 000 gedurende die finansiële jaar. Vaste bates is ook gedurende die finansiële jaar aangekoop.

4. Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee finansiële jare bereken:

	2013	2012
Solvabiliteitsverhouding	?	2,7 : 1
Bedryfsverhouding	0,9 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,9 : 1
Debiteure-invorderingsperiode	21 dae	28 dae
Krediteure-betalingstermyn	30 dae	30 dae
Voorraadomsetsnelheid	8 keer	15 keer
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,1 : 1	0,3 : 1
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (OOTKA)	?	22%
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	1 210 sent	815 sent
Verdienste per aandeel (VPA)	286 sent	234 sent
Markprys	1 450 sent	1 230 sent
Huidige leenkoers	9%	9%
Huidige beleggingskoers	6%	6%



### 4.3 OUDITVERSLAG

Die volgende ouditverslag is deur die ouditeure van Bongi Beperk uitgereik vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2012:

**Ouditmening**

Na ons mening verskaf hierdie finansiële state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike aspekte, van die finansiële stand van die maatskappy op 30 Junie 2012 en die resultate van hul bedrywighede en kontantvloeï vir die jaar eindig in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en op die wyse soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika.

**Tshabalala & Vennote**  
**Geoktrooieerde rekenmeesters (SA)**  
**Geregistreerde rekenmeesters en ouditeure**

**31 Oktober 2012**

**GEVRA**

- 4.3.1 Word die ouditverslag soos voorgehou deur Tshabalala & Vennote as 'n gekwalifiseerde ouditverslag, 'n weerhouding-van-mening-verslag of 'n ongekwalifiseerde verslag beskou? Gee EEN rede. (2)
- 4.3.2 Verduidelik waarom die Maatskappywet vereis dat publieke maatskappye deur 'n eksterne ouditeur geaudit moet word. Gee EEN rede. (2)
- 4.3.3 Aan wie is hierdie ouditverslag gerig? Gee EEN rede. (2)
- 4.3.4 Senzo Tshabalala, 'n senior vennoot by Tshabalala & Vennote, wil aandele in Bongi Beperk koop, omdat hy dit as 'n uitstekende beleggingsmoontlikheid beskou. Watter advies sal jy vir Senzo gee? Verduidelik. (3)

**VRAAG 5: VERVAARDIGING****(50 punte; 30 minute)****5.1 KOSTEBEGRIPE****GEVRA**

Kies 'n item uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Indirekte arbeid	A	skoonmaakmiddels wat in die fabriek gebruik word
5.1.2	Indirekte grondstof	B	grondstowwe wat aan die fabriek uitgereik is vir gebruik in produksie
5.1.3	Direkte grondstof	C	skryfbehoeftes wat in die kantoor gebruik word
		D	salaris wat aan die fabrieksvoorman betaal word

(6)

**5.2 PRODUKSIEKOSTESTAAT**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Mountain View Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2013. Die onderneming vervaardig sportsakke en verkoop dit dan teen 'n winsopslag van 40% op kosprys.

**GEVRA**

5.2.1 Voltooi die nota vir Fabrieksboekoste. (12)

5.2.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2013 op. Gee bewerkings tussen hakies waar notas nie gevra word nie. (17)

**INLIGTING**

1. Voorraadsaldo's	30 Junie 2013	1 Julie 2012
Grondstofvoorraad	56 700	42 400
Goedere-in-bewerkingvoorraad	33 000	43 300

**2. Transaksies gedurende die jaar**

Grondstowwe aangekoop (kontant en krediet)	1 182 500
Koste om grondstowwe na die fabriek te vervoer	24 100
Onbevredigende grondstowwe aan verskaffers teruggestuur	32 800
Water en elektrisiteit betaal	137 000
Huuruitgawe betaal	296 000
Advertensie-uitgawe	25 500
Versekering betaal	30 000
Onderhoud op fabrieksmasjinerie en toerusting	19 404
Waardevermindering op fabrieksmasjinerie en toerusting	32 390
Salarisse en lone (Sien Inligting 4 hieronder)	?
Kommissie aan verkoops personeel betaal	57 550

### 3. Addisionele inligting

- Fabrieks- indirekte materiaal is vir R35 360 aangekoop. Van hierdie bedrag is R35 730 in die fabriek gebruik.
- Water en elektrisiteit moet tussen die fabriek en die verkoopsafdeling in die verhouding 3 : 1 verdeel word.
- 70% van die versekeringsuitgawe het betrekking op fabrieksmasjinerie en toerusting.
- Huuruitgawe word volgens vloerspasie aan die onderskeie afdelings toegewys. Die vloerspasie is soos volg:

Fabriek	1 800 vierkante meter
Verkoopsafdeling	900 vierkante meter
Kantoorblok	300 vierkante meter

### 4. Salarisse en lone

Salarisse en lone moet volgens die kosterekening wat op die spesifieke werknemers van toepassing is, toegewys word. Alle werknemers word vir 12 maande of 52 weke betaal.

WERKNEMERS	WERKNEMERS IN PRODUKSIE- PROSES	FABRIEKS- VOORMAN	KANTOOR- KLERK	FABRIEK- SKOON- MAKERS
Getal werknemers	7	1	1	1
Basiese salaris/loon per werknemer	R6 400 per maand	R9 500 per maand	R5 500 per maand	R950 per week
Oortydure deur <u>elke</u> werknemer in die jaar gewerk	130 uur			
Oortydtarief per uur	R57 per uur			
Bonus		13 <sup>de</sup> tjem	13 <sup>de</sup> tjem	10% van basiese jaarlikse loon

### 5.3 EENHEIDSKOSTE EN GELYKBREEKPUNT

Stormers Vervaardigers is 'n klein onderneming wat rugbyhemde vervaardig wat aan ondersteuners verkoop word. Hulle finansiële jaar het op 31 Augustus 2013 geëindig.

#### GEVRA

5.3.1 Bereken die volgende:

- Direkte grondstofkoste per eenheid, wat deur **(a)** in die tabel in Inligting 3 hieronder aangedui word (2)
- Fabrieksbokoste, wat deur **(b)** in die tabel in Inligting 3 hieronder aangedui word (2)

5.3.2 Behalwe prysveranderinge, gee 'n moontlike rede vir die verandering in eenheidskoste in elk van die volgende gevalle:

- Direkte grondstofkoste per eenheid (2)
- Fabrieksbokoste per eenheid (2)

5.3.3 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 31 Augustus 2013. Die gelykbreekpunt vir die vorige jaar was 23 064 eenhede. (4)

5.3.4 Verduidelik of die onderneming tevrede moet wees met die produksievlak wat bereik is. Noem die gelykbreekpunt in jou verduideliking. (3)

#### INLIGTING

1. Gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2013 het die onderneming 42 000 hemde gemaak en verkoop. Hemde word teen 'n vaste prys van R60,00 elk verkoop.
2. Al die hemde is verkoop. Daar was geen goedere-in-bewerking aan die begin of einde van die finansiële jaar nie.
3. Die volgende koste is geïdentifiseer. Sommige eenheidskoste is ook gegee.

Jaar geëindig	31 Augustus 2013		31 Augustus 2012
Eenhede vervaardig en verkoop	42 000		30 000
	<b>TOTALE KOSTE</b>	<b>EENHEIDS-KOSTE</b>	<b>EENHEIDS-KOSTE</b>
<b>Veranderlike koste:</b>	R1 722 000		
Direkte grondstof	R756 000	<b>(a)</b>	R21,80
Direkte arbeid	R651 000	R15,50	R12,75
Verkope en verspreiding	R315 000	R7,50	R7,80
<b>Vaste koste:</b>	R567 000		
Fabrieksbokoste	<b>(b)</b>	R9,00	R11,75
Administrasie	?	R4,50	R4,70

**HOU HIERDIE  
BLADSY BLANKO**

**VRAAG 6: KONTANTBEGROTING, GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT EN INTERNE BEHEER**  
**(40 punte; 24 minute)****6.1 KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Busy Bazaar vir die tydperk geëindig 31 Mei 2014.

Voltooi die tabel in die ANTWOORDEBOEK deur slegs die bedrae in die toepaslike kolomme in te vul.

**VOORBEELD:** Die huurder sal maandeliks huur van R6 000 betaal.

Nr.	Bedrag in die Kontantbegroting vir Mei 2014		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Mei 2014	
	ONTVANGSTE	BETALING	INKOMSTE	UITGAWE
Voorbeeld	R6 000		R6 000	

- 6.1.1 Die verwagte maandelikse telefoonkoste is R1 800.
- 6.1.2 Waardevermindering vir die 2014 finansiële jaar sal R7 800 wees.
- 6.1.3 Verwagte kontantverkope vir Mei 2014 beloop R52 000 (koste van verkope: R30 000).
- 6.1.4 Tjebetalings aan krediteure gedurende Mei 2014 sal na verwagting R34 000 wees. Korting van R1 700 sal geëis word. (8)

**6.2 KONTANTBEGROTING**

Molly Pillay besit Flash Vervoer, 'n onderneming wat afleweringdienste aan verskeie verskaffers aan die KwaZulu-Natalse Suidkus lewer.

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die Kontantbegroting vir die tydperk 1 April 2014 tot 31 Mei 2014.

**GEVRA**

- 6.2.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Mei 2014. (5)
- 6.2.2 Verwys na die Kontantbegroting in Inligting 1 hieronder. Bereken die volgende:
- Die bedrae wat deur **A** tot **D** aangedui word. (Vir **A en B** verwys na Inligting 4 hieronder.) (6)
  - Die bedrag van die lening op 1 April 2014 (3)
  - Die persentasie toename in salarisse op 1 Mei 2014 (3)
- 6.2.3 Aan die einde van April 2014 is die volgende werklike syfers met die begrote syfers vergelyk. Verduidelik wat jy vir Molly sal sê oor elke item in die lys en gee EEN stukkie raad in elke geval.

	APRIL 2014	
	BEGROOT	WERKLIK
Brandstof (petrol)	75 000	87 500
Invordering van debiteure	152 600	126 450
Reklame	250	250

(6)

**INLIGTING**

1. **FLASH VERVOER  
UITTREKSEL UIT DIE KONTANTBEGROTING VIR DIE TYDPERK  
1 APRIL 2014 TOT 31 MEI 2014**

	<b>APRIL</b>	<b>MEI</b>
<b>KONTANTONTVANGSTE</b>		
Fooi-inkomste van kontantklante		
Invorderings van debiteure	152 600	
Huurinkomste	6 540	<b>A</b>
Kommissie-inkomste		
Belegging wat op 2 April 2014 verval	100 000	-
Rente op belegging	6 000	-
<b>TOTALE ONTVANGSTE</b>	<b>422 000</b>	<b>310 000</b>
<b>KONTANTBETALINGS</b>		
Brandstof (petrol)	<b>B</b>	90 000
Versekering	6 400	8 500
Salarisse	46 500	50 220
Telefoon		
Advertensies	250	250
Aankoop van voertuie (2 x R100 000)	-	200 000
Onttrekkings	15 000	15 000
Onderhoud	17 800	19 135
Diverse uitgawes		
Rente op lening (11% p.j.)	4 400	4 400
<b>TOTALE BETALINGS</b>	<b>195 300</b>	<b>418 200</b>
<b>SURPLUS/TEKORT</b>	<b>226 700</b>	<b>C</b>
<b>Kontant aan die begin van die maand</b>	<b>53 300</b>	<b>?</b>
<b>Kontant aan die einde van die maand</b>	<b>280 000</b>	<b>D</b>

2. Molly doen afleverings van onderdele op krediet vir sekere verskaffers. Dienste wat op krediet aan verskaffers gelewer word, is soos volg:

Maart (werklik)	R140 000
April (begroot)	R200 000
Mei (begroot)	R280 000

3. Debiteure sal na verwagting soos volg betaal:
- 35% van die debiteure betaal hulle rekeninge gedurende die maand van die transaksie om 2% korting vir stiptelike betaling te ontvang.
  - 60% betaal hulle rekeninge in die maand wat op die transaksiemaand volg.
  - 5% word daarna afgeskryf.
4. Met ingang van 1 Mei 2014 sal die begroting vir huurinkomste met 10% styg en dié van brandstof sal met 20% styg.

6.3 **INTERNE BEHEER**

Candice Booyesen bedryf 'n snoepwinkel by 'n laerskool. Sy neem leerders in diens om haar gedurende pouses met bediening in die snoepwinkel te help. Candice verkoop vrugtesap, skyfies en sjokolade in haar snoepwinkel.

**GEVRA**

Identifiseer 'n probleem wat Candice met elk van haar produkte ondervind. Noem 'n verskillende probleem vir elke produk. Haal syfers aan om jou antwoord te staaf. Gee 'n toepaslike oplossing vir elke probleem wat geïdentifiseer is.

(9)

**INLIGTING VIR NOVEMBER 2013:**

	<b>VRUGTESAP (500 ml)</b>	<b>SKYFIES (30 g-pakkies)</b>	<b>SJOKOLADE (100 g-stafies)</b>
Beginvoorraad	Nul	700 eenhede	20 eenhede
Getal eenhede wat gedurende die maand aangekoop is	5 000 eenhede	3 160 eenhede	400 eenhede
Getal eenhede wat gedurende die maand verkoop is	4 935 eenhede	3 100 eenhede	335 eenhede
Eindvoorraad volgens fisiese opname	62 eenhede	758 eenhede	30 eenhede
Beskadigde voorraad afgeskryf	3	2	20
Verkoopprijs per eenheid	R6,00	R11,00	R9,00
Kontant ontvang	R28 800	R34 100	R2 835
Winsopslag-persentasie op kosprys	40%	75%	25%

40

**TOTAAL: 300**